HOUTWERK SG VR2 **NOVEMBER 2005**

Algemeen:

Die kwaliteit van die kandidate se lynwerk was goed.
Die papier waarop die antwoordstel gedruk was, was van ‘n goeie kwaliteit .
Tekene van die kandidate het netjies vertoon.
Instruksies is goed nagekom en is reg geinterpreteer deur die kandidate.
In enkele gevalle was instrumente nie korrek gebruik nie.
Dit is egter teleurstellend dat opvoeders nie ag geslaan het op die vorige jar se eksaminatorsverslag nie.

VRAAG 1

Bo-aansig was goed beantwoord. Hierdie vraag was oor die algemeen goed beantwoord. Daar was enkele gevalle waar kandidate nie die konstruksielyne op die regte hoek geprojekteer het na die nuwe aansig nie.

Sommige kandidate kon nie die gleuf bepaal in die hulp/nuwe aansig nie. Dit is verblydend om te sien dat die hoogtes korrek bepaal is in die hulp/ nuwe aansig.

VRAAG 2

Die plasing van die Isometries tekening het van die kandidate laat kleitrap.Afgesien hiervan het sommige kandidate tog uitstekend gevaar en volpunte behaal in die vraag. Die bepaling van die meetkundige konstruksie was in menige gevalle nie op die antwoordstel getoon nie en waardevolle punte is verbeur. Die instruksie om vryhand te skets, is geïgnoreer en derhalwe was kandidate gepenaliseer. (Meganies geteken). Die uitskuifaansig was korrek geteken in die baie gevalle.

VRAAG 3

Die tegniek om die verdwyningspunte te bepaal is deur die meeste kandidate korrek uitgevoer. Vervolgens het die kandidate die vraag goed beantwoord. Daar is tog enkele gevalle waar tweepunt perspektief nie die nodige aandag geniet nie.

VRAAG 4

Oor die algemeen was hierdie vraag redelik beantwoord. Sommige kandidate het egter waardevolle punte verloor omdat hulle nie korrek vanaf die gegewe aansigte kon projekteer nie. As gevolg van die bewoordeing in die vraestel is die memo aangepas om alle kandidate te akkomodeer.